VOLUME 15

MEI 2022



# NUUSBRIEF

**IN HIERDIE UITGAWE:**

**Nuwe Arbeids-rubriek**

**Windhoek Woordfees**

**ATKV Idiomestryd**

**En vele meer…!**

# INHOUDSOPGAWE


Welkom .......... 3

Meer oor Netwerk .......... 3

Raak 'n Vriend van Netwerk .......... 4

Vriende van Netwerk .......... 5

Geestelike boodskap .......... 6

Arbeidsregte .......... 7

Netwerk met Steve .......... 8

Windhoek Woordfees .......... 9

Woestynpsalm .......... 12

ATKV Idiomestryd .......... 14

Akademia Gradeplegtigheid .......... 15

Voortrekkers .......... 16

Van Humpata tot Upingtonia .......... 17

Die Namib Skryf .......... 18


Idioom .......... 19

Taalwenk .......... 18

Resep .......... 20

Kalender .......... 21

# WELKOM



Die dae raak korter en kouer, en ons groen vlaktes is besig om te verkleur na hul winterpalet. Almal is so besig om die vol programme baas te raak, dat ons skaars agterkom hoe vinnig die tyd vlieg!

Dit is 'n absolute vreugde om weer vermaak met lewendige gehore te kan ervaar. Ons hoop van harte dat ons bedrywighede nie gou weer tot halt geroep word nie. In hierdie nuusbrief gee ons 'n blik op die onlangse bedrywighede van die Afrikaanse organisasies in Namibië. En dit gaan goed.

'n Reusedankie aan Susan Alexander wat help met die taalkundige versorging van ons nuusbriewe.

Deel asseblief hierdie nuusbrief met ander Afrikaanssprekendes om Afrikaans 'n luider stem te gee in Namibië.

*Navrae: admin@netwerk-na.org*

# MEER OOR NETWERK

AARD EN GRONDSLAG
Netwerk is 'n onafhanklike, nie-politiese, vrywillige, Christelike Afrikaanse organisasie. Die grondslag van die organisasie is die Bybel as die Woord van God en dus rigtinggewend vir die hele lewe.

DOELSTELLINGS
Om verskillende organisasies, instansies en individue, wat hulle beywer vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur, met mekaar te laat "netwerk".

Besoek ons webblad vir meer inligting, www.netwerk-na.org

# VRIENDE VAN NETWERK



# VRIENDE VAN NETWERK




Ons bied professionele dienste in dorps- en streeksbeplanning, omgewingsbestuur en groen geboue, asook advies en produkte in die water- en afvalwaterbehandelingsbedryf.




Seun Kesslau Insurance Brokers is meer as net jou gewone korttermynversekeringsadviseur, ons is 'n familie. Of jy nou op soek is na versekering vir jou familie of jou besigheid, ons bied uitsonderlike advies. Kontak ons vandag vir 'n geen-verpligting vergadering om meer te leer oor hoe ons jou kan help om die dinge wat vir jou belangrik is, te beskerm.

**Raak 'n VRIEND VAN NETWERK en ons plaas jou besigheidsembleem hier!**

**DIE WOORD VAN GOD – SOOS HEUNING EN LIG**

*Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond.*

*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.*

*PSALM 119: 103, 105*

Vandag is my hart vol dankbaarheid en opgewondenheid.

Waarom? Omdat die genadige God en Vader vir my iets vir die mond gee, maar ook iets vir die pad. Vir die mond heuning, aangenaam en soet en voedsaam. Vir die pad 'n lig om die duisternis te verdryf. Wat meer kan ons vra?

HEUNING word dikwels gebruik om geneeskrag en voedsel aan te dui. In beeldspraak word meestal goeie bedoelings daarmee verbind. – Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens (Spreuke 16:24). Maar in die Ou Testament word heuning die meeste kere gebruik om die seën van die beloofde land waarheen Israel gelei is te beskryf: 'n land wat oorloop van melk en heuning. Die oorvloed van God se seën word ervaar wanneer sy aangename woorde gelees en onthou word – die hele dag en week lank – dis nog soeter as heuning! Dit gee krag soos heuning wanneer daar moeilike sake op jou pad kom, of moedeloosheid wil toesak, en wanneer vyandigheid jou kragte tap.

LIG is so noodsaaklik. Daarsonder val jy oor goed, verdwaal jy, word jy bang. Die satan en sy ryk word met duisternis verbind, want hy wil ons mislei wanneer hy maak asof hy die engel van die lig is. God se woorde is hierdie dag en week weer tot jou beskikking soos 'n helder lig. Hy weet hoeveel sypaadjies daar is waarop ons kan afdraai, van die struikelblokke waaroor ons kan val en seerkry. Ons leef in vyandige gebied, vol versoekings wat in woorde en beelde op ons afkom. Die Bybel is God se woord, waardeur Hy ons leer om te onderskei tussen waar en vals, noodsaaklik en nutteloos.

Jesus, die Messias, het as helder môrester gekom om vir ons die weg, die waarheid en die lewe te wees. Dit het veel meer waarde om sy woorde te hoor, te bewaar en te doen as enigiets waarmee jy hierdie week te doen gaan kry.

Vertrou op God, luister na Hom, want sy woorde is soeter as heuning en 'n helder lig vir jou pad!

***VOORBIDDING***

*Stuur Here u lig en u heuning in die woorde van wysheid waarmee U ons lei en voed. Amen.*

***PITKOS***

*Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.*

*PSALM 19:10-11*

*Dr Callie Opperman*

*(Redakteur – Deo Gloria Kuberbrief)*

*Emerituspredikant - Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid*

# ARBEIDSREGTE

**COVID-19: Verpligte inenting in die werksplek – of ontslag…**

Na ‘n aanvanklike draakstekery met die Ooste se Corona-virus, het ‘n onaangename en nare werklikheid Suider-Afrika in Maart 2022 getref. Skielik, moes almal tuisbly, sosiale afstand handhaaf, hande ontsmet, byeenkomste was verbode en die verpligte dra van maskers het die “nuwe normaal” geword. Farmaseutiese maatskappye het gejaag om ‘n middel teen die virus te ontwikkel. Die eerste vlaag is gevolg deur ‘n tweede en daarna ‘n derde vlaag. Weldra was ‘n inenting teen die virus beskikbaar. En toe begin die GROOT debat. Baie gou, het twee kampe ontstaan, die pro-inentings kamp en die anti-inentings kamp. Sommige werkgewers in Suid Afrika het dit goed gedink om inenting vir hulle werknemers verpligtend te maak, gevolg deur afdankings van daardie werknemers wat geweier het om ingeënt te word. Werkgewers in Namibië het dit sterk oorweeg om hulle eweknieë in Suid Afrika na te doen.

In Namibië, is ons tans nog nie bewus van enige werknemer wat ontslaan is weens sy/haar weiering om ingeënt te word nie. Maar in Suid Afrika was daar reeds 4 sake van onbillike ontslag nadat werknemers afgedank is weens hul weiering om ingeënt te word. Die CCMA (die eweknie van die Namibiese “Labour Commissioner”), het in al vier gevalle in die guns van die werkgewer beslis. Dus, was geeneen van die werknemers se ontslag onbillik nie. Selfs nie eens die werknemers se aandrang op die beskerming van hulle grondwetlike regte, soos die reg op geloof, of liggaamlike integriteit, selfs dat daar nie op hulle geëksperimenteer mag word nie, het die werknemers gered nie. President Ramaphosa het die publiek gewaarsku dat, alhoewel hulle nie verplig is om ingeënt te word nie, hulle grondwetlike regte ondergeskik geag kan word aan die grondwetlike regte van ander mense/werknemers.

Wat is die posisie in Namibië? Uit hoofde van Namibië en Suid-Afrika se gedeelde verlede, deel ons ook dieselfde regsreëls, presedenteleer en grondwetlike regte. Vroeg tydens die pandemie, het die Namibiese regering, anders as President Ramaphosa in Suid Afrika, werkgewers verbied om werknemers se dienste weens COVID te beëindig, of om hulle salarisse te staak. President Geingob het ook in April 2022 in die parlement gesê dat die ontslag van oortollige staatsamptenare nie oorweeg word nie, want dit gaan tot werkloosheid lei. Anders as Suid-Afrika, huldig die Namibiese owerheid nie die sterk sienings wat tot ‘n werknemer se ontslag mag lei indien hy/sy weier om ingeënt te word nie. Dis daarom onwaarskynlik dat die Arbeids kommissaris dieselfde uitsprake as in die geval van die CCMA sal lewer. Uiteraard is dit minder goeie nuus vir werkgewers en sekerlik goeie nuus vir werknemers.

Ons is nog nie bewus van enige arbitrasies in hierdie verband in Namibië nie en weet ons ook nie of enige werknemer ontslaan is weens die weiering om ingeënt te word nie. Met die opheffing van die noodtoestand, is dit egter onwaarskynlik of enige werkgewer huidig geregverdigde gronde sal hê om verpligte inenting in die werksplek af te dwing.

***Marius Basson***
***(marius@labouratwork.co.za)***

# NETWERK MET STEVE

Tydens Steve Hofmeyr se onlangse Namibiese toer, was Netwerk bevoorreg om tyd met hom te spandeer om te gesels oor die stand van Afrikaans in ons land.



Verskeie Afrikaanse organisasies was verteenwoordig by die bespreking, onder andere ATKV, ATKB, Jukskei, Voortrekkers en Windhoek Woordfees. Idees is uitgeruil oor watter aksies moontlik gevolg kan word om meer bewustheid te skep vir al die organisasies se aktiwiteite.


Steve het ook die Ons Erfdeel Kultuursentrum besoek en sê daarna die volgende op sy Facebook-blad:




"Ek het NETWERK NAMIBIË ontmoet, dinamiese mense wat as sambreelorganisasie en info-portaal dien vir Afrikaanse godsdiens, taal- en kultuurbelange. Vandaar is ek na die AFRIKAANSE ERFENIS MUSEUM, presies die tipe plekke wat ons kultuurskatte nie net bewaar nie, maar vir ons kinders belangrik moet maak - SONDER om hulle te forseer. Daar's jou uitdaging. Selfs al is kultuur gratis, is dankbaarheid daarvoor ongelukkig, frustrerend genoeg, nie vanselfsprekend nie."



# WINDHOEK WOORDFEES



Chrisna Beuke-Muir het die gehoor aan haar lippe laat hang met haar passievolle vertolking van Ismene in haar eenvrou-vertoning, *Sus van*.

In 2005 is die oorspronklike Nederlandse drama *Zus van* bekroon met die Van der Vriesprijs as beste debuuttoneelteks. Dit behels 'n uittreksel uit die mitologie, en die titel *Sus van* verwys na Ismene, die jongste van die vier kinders in die koningsgesin, die outjie wat in die skaduwee van haar ouer sibbes geleef het. Die drama is 'n monoloog-voorstelling van die antiheld, 'n ikoon vir mense wat nie slegs in terme van groot ideale dink nie, maar vir wie die kleiner momente en die emosionele motief méér is as die ideologie. Die Ismene-karakter is by uitstek 'n verteller, en haar verhaal is eg menslik met uiters genietbare humoristiese momente.

Chrisna Beuke-Muir vertel:

"Vroeg in 2006 het ek saam met my kollegas van die Universiteit van Namibië, Aldo Behrens en Danie Strydom in die Tinnenpot Teater in Gent gespeel. Jo Decaluwe (toe direkteur van Tinnenpot) het my straat af gestuur na die Arca Teater om daar 'n drama te gaan sien 'die je toch heel goed zul kunnen spelen, denk ik wel', het Jo gesê. Die aktrise Elsie de Brauw het die rol van Ismene ongelooflik oortuigend vertolk. Hoewel ek besluit het dat niemand dit beter sou kon doen as De Brauw nie, wou ek dit tog heel graag speel, want die antiheld in my (lees Ismene) sal byvoorbeeld aanhou skryf, al word my werk nie noodwendig gepubliseer nie. In die vliegtuig op pad terug Namibië toe het ek met die proefvertaling na Afrikaans begin."

Jo Decaluwe is aan die begin van die jaar oorlede, en Beuke-Muir dra hierdie produksie aan hom op.



*Met groot dank aan die borge van die Windhoek Woordfees: FirstRand Foundation Nambia, Republikein, Checkers Namibia, Auas Motors, Hillside Executive Accommodation, Bayview Resort & Hotel en Nictus Giga.*

FNB

# WINDHOEK WOORDFEES (vervolg)



Marinda Engelbrecht is vir baie Namibiërs 'n geliefde op die kassie, met haar kook-programme soos *Stoofstories* (op Kyknet VIA, DStv kanaal 147), *Laat die Potte Put* en *Maklik met Marinda*. Sy hou nie van vaal kos nie en selfs afval moet met 'n bietjie kleur voorgesit word.

As oudonderwyseres het sy met *Die bak en brou tussen ma en kind* met ma's en kinders gesels oor maklike, veilige resepte vir kinders, asook gesonde eetgewoontes en skoonmaak in die kombuis. Hierdie middag het kwaliteit-tyd gebied tussen ma's en kinders, terwyl albei baie slim daar weggestap het na die lesse van "Sjef Sout" en "Professor Pretzel".

*My melk kook oor* was die ideale wegbreek-sessie vir vroue om op humoristiese wyse te luister na die prettige pitkos wat Marinda uitdeel oor hoe om moeilike situasies in jou lewe te hanteer. Sanet Prinsloo, uithalerkok van Windhoek, het gehelp om te wys hoe Marinda se maklike resepte jou na 'n meester in die kombuis kan laat lyk. Hierdie program is ook in Swakopmund aangebied, met Paula van Aarde van "A la Wêreld Bakhuis" wat saam met Marinda opgetree het.

Dit het 'n instelling geword om tydens die Windhoek Woordfees onderhoude met skrywers te voer. Die leser kry die geleentheid om bekende skrywers te ontmoet, en om hulle oor hul lewe en werk te hoor praat.

Hierdie jaar is onderhoude gevoer met die bekende Namibiese skrywerspersoonlikhede, die digter Kobus Lombard asook die skrywer en digter Marié Blomerus. Beide het reeds wyd gepubliseer. Kobus het reeds 5 bundels die lig laat sien en sy fyn afgeronde verse hanteer universele sake soos verhoudings, skrywerskap en, veral in *Skadu oor die sonwyser*, die dood. Marié het in 1986 die Perskorprys vir haar bundel *Ithaka* ontvang. Haar jongste publikasie *Porseleinskerwe* bevestig haar liefde vir woorde en reise.

Tydens hierdie geleentheid is daar ook hulde gebring aan die skryfster Hélène de Kok. Hierdie besondere Namibiese dokter se memoirs *Barefoot Bushdoctor* het in 2017 verskyn. Hélène is op 17 Desember 2021 oorlede. Die werk van hierdie drie besondere mense is onlosmaaklik aan die Namibiese land en landskap verbonde.



FNB
First National Bank

# WINDHOEK WOORDFEES: OOP MIKROFOON

Windhoek Woordfees bied graag 'n platform aan bekende sowel as opkomende kunstenaars. Daar het tydens die afgelope Herfsfees se Oop Mikrofone flambojante talentblare gewarrel. Hou hulle dop!

Tydens Vrydag, 8 April 2022, het die jongklomp (gr. 1 – 12) die aand kragtig laat vlam met 'n monoloog, sang, snaar- en ander musiekinstrumente. Hoogtepunte was die bevonklike ritme van vernuftige drommespel asook hart tot hart vertolkings deur jong sangers wat oorloop van talent en verhoogpersoonlikheid!

Insiggewend was die praatjie, Musiek as terapie vs Musiekterapie, deur Adel Janse van Rensburg en Carina Strydom.

Mag die pad vorentoe blink loop vir:

Dannika Benadé, Engela Genis & Leandri le Roux, Hayden Kitt, Ian Visser, Marelee Ferreira, Tané Hattingh, Tielman Neethling asook die Waatlemoen-orkes.



HB vermaak die gehoor met sy kletsryme.

Op Saterdag, 9 April 2022, kon 'n mens diep teug aan die verskillende geure van Afrikaans. Van so ver as Aroab en Rehoboth het Afrikaans as moedertaal beslag gevind in musiek, liriek en kletsrym. Dit was 'n spesiale aand – vir sommiges 'n heel eerste keer van optrede en vir andere die soveelste keer, maar vir elkeen sodanig besonders om dit vir altyd te koester.

Groot waardering vanaf Windhoek Woordfees aan:

Sanet Lambrechts, HB, Bianca Collard, Christa Louw, Hanlie Kesslau, Heinrich Rickerts, Ingrid Kisting, Lize Visser, Loraine Kotzé, Louis Conradie, Magriet Pienaar, R.E.G., Ria Greyling, Sunéll Smit, Susanne Pretorius, Vanessa Venter en Wayne van der Linde asook die familie van Hélène de Kok wat toegestem het tot die voorlesing van Bygestaan deur 'n Bobbejaan uit De Kok se boek IN DIE NOOD ''Sangoma' in die BOS.



Die Waatlemoen-orkes tree op by die jongklomp se Oop Mikrofoon

Viva Namibiese talent!

# WOESTYNPSALM - Een jaar later

Presies een jaar gelede was die produksietydperk van Woestynpsalm*, 'n vollengte Afrikaanse film wat in Namibië afspeel, volstoom aan die gang. Nou, een jaar later, voel dit geheel en al onwerklik om na hierdie besonders uitdagende tydperk terug te kyk en te weet: Ons het dit deurgemaak! Ja, vir ons, Woestynpsalm se filmspan en rolspelers, was om hierdie film te maak een van die grootste uitdagings van ons lewens tot dusver. Om 'n vollengte film onder normale omstandige te skiet, selfs al is jy hóé begeesterd en goed voorbereid, is reeds nie vir swakkelinge nie. Ons omstandighede was egter alles behalwe normaal – 'n piepklein filmspan, 'n baie kort verfilmingstydperk, uiters beperkte hulpbronne, en dit alles te midde van 'n pandemie – so ons was onder enorme druk om die verfilming deeglik en binne ons beplande skedule af te handel.

Maar, met min slaap, harde werk, die ondersteuning van vriende, familie, die algemene publiek, die Namibiese media en natuurlik van ons ongelooflike fliekvennote, naamlik Netwerk Namibië, Gondwana Collection en Nictus Holdings Limited, het ons dit gedoen! Tussen 26 April en 27 Mei 2021 het ons, soos beplan, 90% van die film klaar afgeneem. Die oorblywende 10% was tonele waarvoor spesiale toerusting benodig is, en is oor die verloop van die afgelope jaar afgeneem, soos wat ons die nodige toerusting kon leen, huur of koop.

Terselfdertyd het ons post-produksietydperk einde Mei verlede jaar afgeskop. Tydens post-produksie word al die rou verfilmde materiaal deurgekyk, gesorteer, en in die regte volgorde aanmekaargesit om die uiteindelike storie te vorm. Films word gewoonlik in 'n klomp klein tonele afgeneem, en elke toneel word twee tot drie, soms selfs vier of vyf keer afgeneem, maar elke keer uit verskillende verfilmings-hoeke. Om elke toneel meer as een maal af te neem is ook 'n veiligheids-maatreël, want soms glip daar tydens verfilming klein foutjies in wat nie dadelik sigbaar is nie en eers tydens post-produksie opgemerk word.



# WOESTYNPSALM (vervolg)



As ‘n toneel dus meer as een keer afgeneem word beteken dit dat die span nie noodwendig terug hoef te gaan om ‘n hele toneel oor af te neem nie as daar dalk wel ‘n fout ingeglip het, want ten minste een van die ander weergawes van dieselfde toneel behoort darem steeds bruikbaar te wees. Dit beteken egter ook dat post-produksie ‘n uiters lang en uitmergelende proses is waartydens die post-produksiespan vele ure voor skerms deurbring om met groot sorg en geduld die film te laat vorm aanneem. Ook die post-produksietydperk was nie sonder verdere uitdagings en oponthoude nie, soos byvoorbeeld om vir die ‘n 1974-Mercedes wat in die fliek gebruik word ‘n nuwe voorruit te probeer opspoor voordat ons sekere van bogenoemde 10%-tonele kon klaar skiet. Of om inderhaas uit ons eie sakke genoeg geld bymekaar te kry om nuwe tegnologie aan te koop wat kragtig genoeg is om sekere post-produksie-funksies te verrig – ons het gedink ons toerusting was kragtig genoeg, maar helaas!

Ja, een jaar terug voel soos lank gelede, maar wanneer ‘n mens hard aan die werk is, vlieg ‘n jaar in ‘n oogwink verby. Woestynpsalm is ten spyte van enkele teëspoede, meestal as gevolg van die pandemie, goed op dreef. Op grond van ons huidige vordering behoort Woestypsalm voor die einde van die jaar vrygestel te word. Ons het nog nie ‘n spesifieke vrystellingsdatum nie, maar is baie opgewonde om binnekort die vrug van ons harde werk aan al ons lojale ondersteuners en ook aan die wyer publiek bekend te stel.

*Woestynpsalm is losweg op ‘n ware verhaal gebaseer en vertel die storie van Nadia, ‘n jong vrouedominee wat onder toenemende druk van vriende en kollegas geplaas word om haar lewenspad as ‘n geloofsleier te heroorweeg en eerder ‘n meer tradisionele rol in die gemeenskap in te neem. Dit word deur Bosman Films vervaardig, onder leiding van die 23-jarige Namibiese filmskrywer en regisseur, Ben van der Walt.





# ATKV IDIOMESTRYD

ATKV, Bank Windhoek, Nictus en Hartklop FM sorg vir groot opwinding met die jaarlikse ATKV Idiomestryd!

Elnatan Privaatskool het kontantpryse en die wisseltrofee gewen in die 2021-kompetisie.



Die kompetisie stel leerders in staat om mededingende skole in verskillende kategorieë uit te daag, Afrikaanse idiome te voltooi, betekenisse te gee en nuwe idiome te vorm met sleutelwoorde en 'n "vinnige-vuur"-afdeling.

Dr. Dolores Wolfaardt van die Universiteit van Namibië het vir die eerste keer die idiome-kompetisie aan onderwysers bekend gestel om die Afrikaanse taal aan leerders te bevorder en hulself vertroud te maak met die uitdrukkings daarvan. Ter voorbereiding vir die kompetisie maak skole gebruik van verskeie boeke en die internet vir leermateriaal.




Uitsaaitye op Hartklop FM is soos volg:

KWARTEINDSTRYD:

11 MEI 2022 - 14:30 - WAP 1 tn. Edugate 2 = Wenner A

18 MEI 2022 - 14:30 - WHS 2 tn. Roots Gim = Wenner B

1 JUNIE 2022 - 14:30 - WAP 2 tn. Wenner * = Wenner C

8 JUNIE 2022 - 14:30 - Elnatan 1 tn. Danie Joubert 1 = Wenner D




HALFEINDSTRYD:

15 JUNIE 2022 - 14:30 - HALFEINDSTRYD 1 (Wenner A tn. Wenner B)

22 JUNIE 2022 - 14:30 - HALFEINDSTRYD 2 (Wenner C tn. Wenner C)

EINDSTRYD: 29 JUNIE 2022 - 14:00 tot 15:00

# AKADEMIA GRADEPLEGTIGHEID

Akademia ken die meeste kwalifikasies nog toe tydens die jaarlikse kwalifikasieplegtigheid wat op 21 en 22 April gehou is. ’n Totaal van 339 kwalifikasies is persoonlik by die Atterbury Teater in Pretoria oorhandig. In totaal word 146 grade, 16 gevorderde diplomas, 14 nagraadse diplomas, 42 nagraadse onderwyssertifikate en 121 hoër sertifikate oorhandig.

Die afgelope twee jaar het Akademia kwalifikasies in absentia toegeken. Dit is ’n groot voorreg vir Akademia om vanjaar die kwalifikasies persoonlik te kan oorhandig. “Die nuwe afgestudeerde studente het vir meeste van hul studies onder die Covid-19-pandemie se juk gebuk gegaan. Dit is daarom ’n baie spesiale oomblik om persoonlik saam met hulle geliefdes en dosente, hul sukses, deursettingsvermoë en harde werk te kan vier,” sê Liana van Rooy, registrateur by Akademia. “Die studente het beslis geseëvier en bo die ontwrigting uitgestyg om as volronde afgestudeerdes by ons instelling uit te stap.”

“Dit is vanjaar ons tiende jaar van pionierswerk en is dit met dankbaarheid dat ons die groei van die afgelope dekade kan ervaar. Tydens die eerste plegtigheid in 2013 het ons tien kwalifikasies toegeken, en kyk net waar is ons vandag. Jaar ná jaar groei ons teen ’n snelle pas,” vertel Marthinus Visser, besturende direkteur by Akademia.

Daar word verwag dat die toename in kwalifikasies stewig sal groei aangesien daar jaarliks nuwe programme ontwikkel word en die studentegetalle dus sterk toeneem. Twee van die nuwe kwalifikasies is B.Ed. (Grondslagfase-onderwys) en B.Ed. (Intermediêre Fase-onderwys) wat vanaf 2022 aangebied word.

AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

Volgens Visser is die nuwe afgestudeerde studente goed voorbereid vir hul loopbane. “Hierdie studente is goed toegerus om hul plek vol te staan in die arbeidswêreld en om hul gemeenskap te kan dien,” sê Visser verder.

Van Rooy noem dat die instelling trots is op elke afgestudeerde student wat Akademia se naam hoog hou en help bou aan ’n wêreldklas universiteit. “Van die nuwe alumni is reeds weer aan die studeer aan verdere kwalifikasies by Akademia terwyl ander gereed is om ’n bydrae in hul gemeenskap te gaan maak. Mag sukses en goedheid elkeen vergesel op hul loopbaanpad, mag hulle ’n reusebydrae maak tot die gemeenskap waar hulle hulself sal bevind, en mag hulle altyd ’n Akademia-ambassadeur wees.”

Kontak Chrisna O’Kennedy, Akademia se werwingsbestuurder in Namibië, vir enige navrae by chrisna@akademia.ac.za.



# VOORTREKKERKAMP

Die naweek van 23 April 2022 is daar nie net lekker gekamp in Walvisbaai nie, maar ook sommer geskiedenis gemaak.

Dit was die Voortekkers se eerste Gebieds Georganiseerde Naweek (GGN) Kamp vir Penkoppe en Drawwertjies, graad 4-7 sedert COVID en die eerste GGN-kamp wat by Boet Botma se spankamers aangebied is.



# VAN HUMPATA TOT UPINGTONIA

Book Den en Protea Boekhuis het op 27 April 2022 Dr. Nicol Stassen se nuwe boek, *Van Humpata tot Upingtonia*, bekendgestel in Windhoek.

Nicol Stassen doen al vir bykans twee dekades navorsing oor die Dorslandtrek en die Angola Boere. Hy het ’n BA-graad in Tale (Afrikaans, Duits en Russies), ’n meesters-graad in Chemiese Ingenieurswese en ’n doktorsgraad in Geskiedenis.



*Nicol Stassen oorhandig ‘n eksemplaar aan Elizma Theron vir die Ons Erfdeel Kultuur-sentrum*


Sy nuutste boek handel oor die volgende:

Ná ’n swerftog van sewe jaar, gekenmerk deur onbeskryflike lyding, het die Dorslandtrekkers hulle uiteindelik by Humpata op die hoogland van Angola gevestig. Binne ’n jaar ná hul aankoms het die eerste geesdrif oor hulle nuwe tuiste verflou en het ontnugtering en teleurstelling ingetree. Dit was nie lank nie of die meerderheid van die rustelose trekkers het besluit om na Transvaal terug te keer met die dieselfde trekpad waar hulle soveel gely het en soveel familielede aan die dood moes afstaan.

Op pad terug kruis hul paaie weer met dié van die Kaapse bruin man William Worthington Jordan, een van die merkwaardigste persone wat gedurende hierdie jare in Suider-Afrika geleef het. Een deel van die trekkers besluit om hul lot by dié van Jordan in te werp en hulle stig die republiek van Upingtonia, ’n kortstondige republiek in die noorde van Suidwes-Afrika.

*Van Humpata tot Upingtonia* is die verhaal van hierdie trekkers se onverskrokke durf in die mees afgeleë dele van Suider-Afrika. Selfs onder ’n nasie wat bekend is vir hulle vermoë om koppig en met taaie volharding voort te trek, is die omswerwinge van hierdie groep sonder weerga.

*Van Humptata tot Upingtonia* is beskikbaar by Book Den in Windhoek.



# DIE NAMIB SKRYF

**MY SKALPEL PEN - MERAAI**

My pen is die skalpel
van die uielae om my hart
Deur versigtige trane
skil dit deur eerste seer,
laag vir laag
Dan dieper en dieper
tot die lem vry gly
deur die bloed
en deur die vrot
tot in die kern van my woede,
my haat en seer
en brandend saam die ink uitloop
in vlekkige woorde van etter
wat die papier verwond
en my oë skoon was

*(Vir meer Namibiese gedigte, besoek "Die Namib Skryf" op Facebook, of hul webblad: www.namibskryf.com)*

# IDIOOM




# TAALWENK



# RESEP - LAMSKERRIE

“Die lamskerrie het ek vir Corné Krige gemaak. En hy was so beïndruk daarmee dat hy vir my gevra het vir die resep. En toe besluit ek maar dan deel ek dit met julle ook.” - Marinda Engelbrecht



**BESTANDDELE:**

2 uie, in ringe gesny

30 ml olie

5 knoffelhuisies, fyngedruk

Gemmer duimgrootte, gerasper

10 ml koljander

10 ml komyn

1,5 kg lamsvleis (nek en skenkels)

10 ml rissievlokkies

15 ml asyn

15 ml suiker

15 ml appelkooskonfyt

15 ml borrie

30 ml sterk kerrie

1 steranys

3 kardemonpeule, gekneus

1 blikkie(410 g) tamatiepuree

500 ml stock (1 blokkie opgelos in 500 ml kookwater)

Sout en peper

3 aartappels in blokkies gesny

(Beskikbaar by Book Den in Windhoek)




**METODE:**

1. Braai die ui liggies in olie.
2. Braai nou die knoffel en gemmer saam met die uie.
3. Braai die kerrie, borrie, komyn, koljander saam met die ui.
4. Gooi die vleis by en braai vinnig deur speserye.
5. Meng die res van die bestanddele en gooi by die vleismengsel.
6. Sit die deksel op en laat dit prut vir 45 minute. Proe nou of jy nog rissies, suiker of asyn wil byvoeg.
7. Gooi nou die aartappels by.
8. Kook totdat die vleis en aartappels sag is.

*Genoeg vir 6-8*

(www.marindakook.co.za)

# KALENDER

18 Mei: Internasionale Museumdag

20 & 21 Mei: Adam Tas - Sounds of Caring (www.eticket.my.na)

25 Mei: Afrikadag

26 Mei: Hemelvaart

29 Junie 2022 - 14:00 tot 15:00: AKTV Idiomestryd Finaal op Hartklop FM



